# DIE KERK EN DIE KOMMUNISME

## UITGANGSPUNT EN PERSPEKTIEF

A. R.S.A. verkeer in 'n staat van oorlog met die kommunistiese *bloc*.
B. Afrika-state staan agter die kommunistiese *bloc* — en volg sy beleid.
C. Kaunda se verklaring insake die verskerping van aktiwiteite op die noord-grens is 'n oorlogsverklaring.
D. Kaunda en Nyerere baie na aan Dubcek van Tsjeggo-Slowakye.

I.

Waar ons onmiddellike opdrag is om die konkrete taak van die kerk in die bestryding van Kommunisme en Marxisme te beskrywe, is ons gedwing om terug te dink aan die eerste grondslae van die vyandelike aanslag — die grondslae waarop sy leer en sy beleid van gewelddadige optrede berus. Want ons het nie te doen met 'n opportunistiese onderneming of 'n imperialistiese waagstuk as dit oor die Kommunisme gaan nie, en ook nie met die blinde opbruising van laere en agterlike volksklasse nie, maar wel met 'n deurdagte en afgeronde heelal-filosofie wat oor die aardbol versprei is en wat op sistematiese wyse en met wetenskaplike strategie 'n aanval op die bestaande Christelike orde maak. Trouens, ons word getref deur die noue parallelisme tussen die formele struktuur en stelsel van die Marxistiese dogma- en van die Christelike sisteem van denke, wanneer ons klassieke Marxistiese werke lees. Uit hierdie dogma vloei daar die verpligting tot voorgeskrewe wyse van handeling en optrede op alle gebiede van die lewe — privaat en maatskaplik — wat die probleem vir die bestaande orde en die kerk skep.

So handhaaf die Marxisme in die eerste plek die leer van sy Universalisme. Uit sy empiriese ontleding van die geskiedenis en uit sy logiese argumentasie volg dit vir hom duidelik dat die Marxistiese stelsel die natuurlike en regte stelsel vir die bewoners van die aardbol is, wat universeel aanvaar sal word. Tweedens, daaruit volg sy eskatologie: hy hou voor 'n uiteindelike maatskaplike hemel-op-aarde waarin alle verdrukking of uitbuiting of verskille van meerderwaardigheid en minderwaardigheid uitgewis sal wees, omdat op ekonomiese en produktiewe gebied alle wedywering en stryd uitgewis sal wees, sodat 'n staat van volkome balans of ewewigtigheid tot stand sal kom, waarin elke mens sy regmatige plek sal hê en geluk sal bereik. En derdens glo die Marxis in historiese noodwendigheid. Dit is vir hom duidelik dat die tydruimtelike wêreld-orde moet uitloop op die Marxistiese voorstelling van die ekonomiese en produserende maatskappy. Die grondbegrip is vir Marx nie die Synde van Gees nie, maar wel materie-in-bewe-

ging wat in 'n vaste rigting voortbeweeg, en Marx besluit dan, op grond van historiese ontleding sowel as op grond van sy ontleding van die produksie-prosesse van die huidige westerse maatskappy, dat die kommunistiese toestand *moet* volg. So verkondig Marxisme universalisme, 'n eskatologie en historiese noodwendigheid, soos ook die Christelike leer. Trouens, van dié kant gesien konfronteer die Marxisme die Christelike bedeling op sy eie grond. Sekerlik is die Marxisme die magtigste en skerpste konfrontasie wat die Christendom nog ooit teengekom het in al die eeue van sy geskiedenis. Tot so 'n mate is dit die geval dat van die grootste internasionale geleerdes, en daarby Christenmense, vir my gesê het dit lyk of ons nou aan die slot van die Christelike epog in wêreldgeskiedenis staan.

Om ons vir ons stryd teen hierdie vyand uit die diepte des te beter voor te berei moet ons kennis dra van enkele van sy kenmerke waaruit die gevolge kom wat die kommunis se optrede voorskryf. Die Marxisme is absoluut empiries in sy metode, want hy leer dat die idee of gedagte-inhoud uit die tyd-ruimtelike feitewêreld ontstaan. Hieruit volg dat teorie en praktyk aaneensmelt: teorie is nie idealisties en formeel of uit die Bybel nie. Teorie word deur praktiese behoeftes voorgeskryf; d.w.s. 'n beginsel van dienstigheid word aanvaar. Maar verder: Marxisme is geheel-en-al histories: die hoogste realiteit is die historie en die historiese vorm is op enige stadium universeel en reël. Daar bestaan nie buite en bo die historie etiese of religieuse waardes wat aldus absoluut is nie. Die Marxisme is dus eties relatiwisties: etiese waardes kom en vergaan met die historiese situasie, en vandag is die optrede wat die rewolusie bevorder die hoogste etiese waarde, want die rewolusie *is* die geskiedenis! Hieruit volg die beroemde taktiese reel van „alle metodes", of, „die beginsel van geen beginsel". Sowjet-diplomasie het dan ook nie die doel om 'n vaste grondslag te kry vir gesonde betrekkings tussen state nie. Die Sowjet erken geen diplomatiese etika nie en elke diplomatiese reëling is die afspringplek vir die nuwe aanval en verowering.

Nou kan ons die eintlike probleem — of problemekompleks — beskrywe waarvoor die kerk te staan kom as hy die stryd aanvoer teen hierdie nuwe en grootste anti-christelike beweging — 'n beweging wat op alle vlakke van die lewe beweeg. Ons kan nou na die leerstukke en propaganda kyk deur middel waarvan hierdie vyand ingang by die mensdom vind, waaruit die metodes volg wat hy gebruik om daardie omwentelingspsigose by die massa te skep.

Hier kry ons met die oorspronklike, suiwere Marxisme te doen, en al beskuldig China en Rusland mekaar onderling van revisionisme, is die aanvalstaktiek van albei, orals oor die wêreld, nog die basiese Marxisme. Die aanval is *nog* gefundeer op die drie wette van die kapitalisme, wat Marx geformuleer het. Eerstens die wet van akkumulasie van kapitaal, waarvolgens geld altyd saamvloei waar daar alreeds kapitaal is. Tweedens, die wet van konsentrasie van kapitaal, waarvolgens die groot kapitaal wat dan in banke, trusts, sindikate gekonsentreer is beleggingsvelde in die buiteland soek, en veral in die nuwe wêreld. So ontstaan imperialisme en kolonialisme. En nou,

volgens die derde wet van Karl Marx insake kapitalisme, die wet van toenemende ellende, sou onder kapitalisme meer en meer geld in die hande van minder en minder persone vloei, sodat alle mag in die hande van die klein groep mense berus, wat alles beheer in hulle eie belang, ook die staatsmasjinerie. „Die kabinet", sê Marx, „is 'n komitee van die kapitalistiese klas".

Op grond van sy langdurige en wetenskaplike studie van rewolusie het Marx dan geleer dat die besittende klasse nie deur wetgewing of op enige wyse gedwing kan word om van hulle eiendom afstand te doen nie. Die besittende klas verskans hom agter die leer, die polisie, die staat en die kerk, en slegs 'n gewelddadige aanval kan hom van sy minderheidsmagsposisie ontsetel. Daar moet dus binnelands 'n gewelddadige rewolusie kom as die gelyke verspreiding van lewensgoedere, d.w.s. sosiale geregtigheid, bewerkstellig moet word. Maar kapitalisme beweeg, soos ons gesien het, op internasionale skaal. Die rewolusie is dus wêreldrewolusie, en die uitbuiting en verdrukking wat in die kolonies en semi-kolonies — en Suid-Afrika word as semi-koloniale staat genoem — bestaan, moet deur wêreldwye aksie bestry word. Trouens Marx en Engels het in soveel woorde gesê dat die kolonies in hulle rewolusie gehelp moet word want die kapitalistiese lande is van die kolonies afhanklik. „The way to London, Paris en New York lies through Peking and New Delhi".

Vanuit hierdie studies en standpunt volg dan die wetenskaplike rewolusieleer van Marx en Lenin wat 'n omwenteling in tradisionele militêre wetenskap en tradisionele diplomatiese gebruike gebring het. Rewolusie beweeg in drie sfere: in die industriële staat, in die kolonies en in die semi-koloniale staat. *Ons* belang lê by laasgenoemde. Volgens Marx—Lenin se dogma gaan die rewolusie altyd deur drie trappe. Eerstens is daar die stadium van infiltrasie deur linksgesinde groepe, sover as moontlik onder leiding en druk van die K.P., totdat 'n koalisieregering gevorm word met die party, wanneer die party kabinetsfolios van verdediging en kommunikasies beset. Op hierdie stadium is die beleid om grootgrondbesit en grootgeldbesit te verbrokkel. (In dié verband moet ons let op die huidige beleid van Zambië en van Tanzanië). Nadat die infiltrasie van die party onder die vakunies en in die kabinet sterk genoeg geword het, vind die *coup-d'état* plaas, wanneer sleutelposte in kommunikasie en administrasie deur rewolusionêre magsgroepe beset word, en die nie-kommunistiese lede van die kabinet buitekant in die koue sit, of gelikwideer word. Nou ontstaan die periode van die diktatuur van die proletariaat — en dit is sover as enige kommunistiese staat nog gevorder het. Daarna sou die derde rewolusie geleidelik kom, wanneer die staat verdwyn en die ware Kommunisme in werking tree.

Die oorgang van die eerste na die tweede stadium sal burgeroorlog meebring. Die diktatuur kan slegs met gewelddadigheid gevestig word en die beleid van die party is om burgeroorlog teweeg te bring. Alle partye oor die wêreld moet meewerk om die nodige kondisies vir die omwenteling in die betrokke staat te bewerkstellig; Kommunisme is 'n wêreldbeweging. Op hierdie stadium tree

die tans so bekende guerillabeweging in, en met sy deeglike studie en deurdagtheid het Lenin ook sistematiese voorskrifte vir hierdie aspek van die wêreldrewolusie, wat kolonies en semikoloniale state raak, voorgeskryf in sy *Partisan War*. Hierop het gevolg Mao se ewe metodies en sistematiese verhandeling oor *Guerilla Warfare* en daarop Che Guevara se handleiding vir die guerillebendes, in Engels ook bekend as *Guerilla Warfare*. Hierin word volledige instruksies aan die invallende bendes gegee hoe hulle hulle moet gedra, en oor wat hulle onmiddellike doel is. Hulle moet hulle goed gedra teenoor die laer klasse van die bevolking, en hulle moet geïndoktrineer wees. In die eerste stadium is hulle doel om binnelandse kontakte te skep en samewerking met binnelandse liberasiegroepe te bewerk, waaruit dan geleidelik 'n binnelandse militia kan ontstaan. Daardeur word bronne vir lewensmiddels georganiseer en word kommunikasies georganiseer vir die tyd as die inval van buite en die burgeroorlog van binne plaasvind. Elke bendeleier moet besonder aandag aan propaganda gee en die bende dra dikwels 'n klein drukpers saam.

Ons het hier te doen met 'n moderne, sistematies-gefundeerde militêre leer van aanval. Met die ervaring van Vietnam en Kuba het die leer nuwe ontwikkelings ondergaan, wat ook op ons noordelike grense toegepas word. Che Guevara en Regis de Brey het die eerste die nuwe ontwikkeling in guerillabeginsels beskrywe. Volgens die ou beginsel was die monolitiese party met sy gesentraliseerde leiding die bron van alle outoriteit en beleid, ook vir guerillabeleid. In Vietnam is geleer dat guerillaoorlog te vloeibaar is vir sentralisasie van beleid, sodat elke guerillabende vandag sy eie outoriteit is en sy eie kontakte maak.

(Ons mag onsself hier in die rede val, en kortliks verwys na die verwikkelings wat in die Marx—Lenin-rewolusieleer in die Weste plaasgevind het. Hierdie verwikkelings in dogma onderlê vele van die studenteopstootjies in die Weste en die rasseopstootjies in die V.S.A. Ons verwys na Henri Marcuse en Cohn Bendit. Die basiese leer van Marx word deur hierdie rigting behou. Maar hulle erken dat die poging om 'n Marxistiese omwenteling in kapitalistiese Europa en V.S.A. te bewerk misluk het, en dat die strategie en taktiek wat Lenin voorgeskrywe het nie sal werk nie. Nou staan die nuwe beweging vir 'n absolute nihilistiese beweging wat sal begin deur samewerking van arbeiders en studente, en die taktiek daarvan is direkte rewolusionêre nihilisme, waardeur alles vernietig moet word — 'n rewolusieleer *ad absurdum*.)

Om terug te keer na ons argument en om saam te vat: Die Marxistiese rewolusie is ten gronde 'n eiendoms-rewolusie wat op wêreldgrondslag moet plaasvind, vanweë die aaneengestrengeldheid van ons ekonomiese stelsel. Omdat dit 'n eiendomsrewolusie is, is dit essensieel 'n internasionale saak, waarby magte oor die hele wêreld meewerk om die rewolusie in een staat te bewerkstellig. Omdat dit 'n eiendomsrewolusie is mik dit op interne burgeroorlog, en die metode is om binnelands sowel as buitelands burgeroorlog te skep. Dit wil sê, ons het hier te doen met 'n totale oorlog, wat gaan

teen die hele interne sosiale orde. Dit is nou nie 'n saak van staat teenoor staat nie, of van staatsleer teenoor staatsleer nie, maar elke persoon, man, vrou en kind, elke familie, besigheid en dorp, stad en boereplaas is daarby betrokke, want dit kan te enige tyd op enige plek losbars (bv. Grootfontein). Die nuwe oorlogsvorm is burgeroorlog, d.w.s. totale oorlog. Daarom die guerillaontwikkeling oor die wêreld.

In die lig van wat ons gesê het en van ons kennis van die geskiedenis is dit baie duidelik dat dit die taak van die kerk is om die Kommunisme te bestry en dat daardie taak nie alleen 'n binnelandse taak is nie, maar oor die wêreld strek. Waar ons dus in 'n wêreldstryd van totale aard gewikkel is moet ons na die huidige historiese aktualiteite kyk om te begryp waar ons staan. Wat dan is die wêreldposisie van die Marxistiese leer van wêreldrewolusie na 120 jaar?

Die moederland van die rewolusie, die Sowjet-Unie, soos ons weet, verkeer nog in die stadium van die diktatuur van die proletariaat. Sy is ingerig op die grondslag van algehele administratiewe en ekonomiese sentralisasie, en haar administrasie berus op sentrale beplanning en magskonsentrasie. Dit is van belang om te let dat Rusland na vyftig jaar niks verder gekom het as 'n stelsel van staatskapitalisme nie, en dit is amusant om op te merk dat hierdie Russiese konsentrasie van staatskapitaal — wat Karl Marx met soveel heftigheid verdoem het — juis uitloop op die Imperialisme waarvan Marx en Lenin die verdrukte arbeiders van die wêreld wou bevry. Die satellietstate van Rusland staan in veel nouer koloniale verband met die moederland as wat die geval was in die ou Britse, Franse of Duitse Ryk. Die Marxistiese wêreldrewolusie word dus gesteun deur die gekonsentreerde mag van 'n sterk kapitalistiese Empire wat heeltemal onmarxisties is.

Die Marxistiese geskiedenis herhaal hom in China. Hier het ons ook te doen met 'n uitgesproke Imperialistiese beleid. Dit wil lyk asof die rewolusie hier nie veel verder gevorder het as die eerste stadium nie, namelik die verbrokkeling van grootgeld en grootgrond-magte. Peking kan blykbaar nie sy beleid en sy magsposisie oor die uitgebreidheid van China binnelands laat geld nie en vrye kleinhandel neem blykbaar op die platteland toe. Peking is egter 'n magsentrum met 'n uitgesproke imperialistiese beleid wat mik op die Stille Oseaan, Indië en die oostelike dele van Afrika. In teenstelling met die ekonomiesgefundeerde imperialisme van Londen, Parys en Washington is die imperialisme van Moskou en Peking 'n suiwere magsimperialisme wat hulle beleid op magsoorheersing fundeer en sentraliseer. Vele guerillabendes word in Peking opgelei.

Kuba verskaf die derde afspringplek vir Kommunisme in die wêreld. Sy agitasie mik veral op Sentraal en Latyns-Amerika, maar hy wy ook aandag aan Afrika. (Kuba vorm 'n nuttige verbinding tussen Rusland en Latyns-Amerika deur middel van Wes-Afrika. Rusland is sterk aan die weste van Afrika en op die Suidkus van die Middellandse See, en ons weet dat die Brazzaville-Kongo tans kommunisties geword het. Die verbinding Brazzaville—Kuba sal in oor-

logstoestande die Atlantiese-sfeer in twee kon sny as Rusland baie sterk in Wes-Afrika word). Uit Kuba het die internasionale held Che Guevara opgetree totdat hy tydens die Boliviaanse mislukking dood is. Regis de Brey, Latyns-Amerikaanse agitator, het ook met Kuba saamgewerk totdat hy tydens die Boliviaanse operasies gevang is en lewenslank in die tronk gesit is.

In Latyns-Amerika kom ons voor 'n baie lelike situasie te staan. Hier heers groot armoede, veral onder die inheemse Indiese bevolkingsgroepe; en hier bestaan 'n rewolusionêre tradisie, sodat die grond hier vrugbaar is vir kommunistiese optrede. In sommige van hierdie state bestaan daar sogenaamde parlementêre gelykheid, waarby alle volwassenes stemreg het, maar die werklike posisie is dat die inkomstepeil direk verbonde is aan die rassegroepe. Die oud-Europese groep het die rykdom in hande; die mestos of kleurgemengde groep vorm die arbeidende en swakbeloonde klas, terwyl die inheemse bevolking — die Indiane — in uiterste armoede verkeer. Vanuit Kuba word op groot grondslag in hierdie state geagiteer. Veral Castro, Che Guevara en Regis de Brey is hier belangrike name. Na sy dood is Che Guevara tot wêreldheld verklaar, en sy portret hang in huise oor die wêreld en sy boeke is in baie tale vertaal. De Brey sit vir lewenslank in die tronk in Bolivia, maar sy boek *Revolution within a Revolution* is 'n internasionale kommunistiese klassiek. Die twee faktore wat teen die Kommunisme in Latyns-Amerika werk is enersyds die Rooms-Katolieke Kerk, en, andersyds, die sterk militaristiese tradisie wat regeringsvorms aldaar onderlê.

Die situasie in Afrika is u vrywel bekend. Die volgende aspekte daarvan verdien ons aandag. Die Sowjet-Unie is veral aktief in Noord-Afrika en aan die streke van die weskus. Ons het verwys na die verband tussen Dakar en Kuba. Van eersterangse strategiese belang is die feit dat juis die Brazzaville-Kongo tans 'n Kubaanse vorm van Kommunisme aanvaar het. Dit bring die Sowjetblok op die grense van Angola, 'n strategiese posisie in die aanval op Suider-Afrika, wat meebring dat Angola moeilikheid op haar noordgrens gaan hê vir so lank as wat daar Russiese Imperialisme is.

Die drie guerillagroepe wat hier optree is heel goed opgelei en georganiseer, en kry heelwat hulp van hulle basis in die Kongo. Ons weet vandag dat Robert Holden, die een leier, 'n lid van die kommunistiese party is. Ons moet met betrekking tot die guerillas onthou dat die faktor van tyd vir hulle van geen belang is nie. Hulle is deel van 'n wêreldrewolusie en dit het van die eerste aanvang in 1921 tot 1949 geneem en toe het Peking voor die kommunistiese aanval geswig. Hierdie faktor geld vir ons hele noordelike front. Oos-Afrika val in die Chinese invloedsfeer, en die infiltrasie hier is veel verder gevorder. Trouens, ek meen ons kan sê dat China alreeds hier gevestig is. Na ons mening is die eerste of burgerlike rewolusie alhier reeds 'n voldonge feit. Chinese infiltrasie vind op groot skaal vir geruime tyd plaas in Zambië en Tanzanië; in Zambië is daar selfs massa-infiltrasie met die vestiging van twee Chinese nedersettings. Die Chinese speel 'n groot rol met die aanleg van die sleuteldiens, kommunikasies, soos die skeepsdiens tussen Peking en Dar es Salaam,

die aanbou van die spoorweg van Dar es Salaam na Lusaka en die bou van die pad van Lusaka na die Caprivi. Chinese propaganda het so goed geslaag dat inwoners van Zambië knopies met Mao se kop dra, en hooggeplaastes van beide state besoek Peking. Dit is ons meegedeel dat die Chinese ambassade in Tanzanië 1,216 tel en in Lusaka 98. Maar meer: in Tanzanië sowel as in Zambië is 'n begin gemaak met staatsoorname van grootindustrië en banke, en van groot plase; in beide state is die regering wesenlik 'n koalisieregering met sterk Marxistiese elemente. Die feit is dat die eerste Marxistiese rewolusie alreeds hier plaasgevind het. Dit is ook 'n feit dat ons buurstate satelliete word van rooi-China, sodat China eintlik op ons grense sit, *en dat ons wesenlik in 'n oorlogstoestand met China verkeer*. Dit wil sê dat my argument is dat ons state, van Suidelike Afrika, in wese bufferstate is tussen die nuwe globale imperialismes en die Christelike Weste.

Ons wil nou vir een kort oomblik terugkeer na die Wes-Europese ervaring met Marxisme om die Kommunisme van tans in perspektief te sien. As ons aanneem dat die Marxisme met die publikasie van die *Handves* in 1848 in Europa posgevat het kan ons vra hoe hy die navolgende honderd-twee-en-twintig jaar aldaar gevaar het. Dat hy hom laat voel het, weet ons. Maar dit is duidelik dat hy tans in Europa aan verswakking lei. As Moskougeoriënteerde party is hy sterk slegs in Suid-Italië, en daar verswak hy namate Italië verindustrialiseer word. Eintlik is die party in daardie lande nie veel meer as 'n agitatoriese linkse beweging binne die vakbonde nie. Trouens, selfs in Rusland het daar 'n element van liberalisering sowel in sy monolitiese partystruktuur as in sy ekonomiese sentralisasie gekom. Die verswakking word algemeen erken, byvoorbeeld deur Cohn-Bendit, wat nou op 'n nuwe vorm van rewolusie aandring. Maar hy bly aktief en sy besieling kom steeds uit Moskou. In Groot-Brittanje word die gees van die „Permissive Age" geweldig deur hom uitgebuit, en die verkoop van verdowingsmiddels is al op kommuniste teruggevoer.

Twee faktore werk mee in hierdie verswakking van Marxisme:

Die een is die faktor van nasionalisme. Marx, Lenin en Moskou se teorie van wêreldrewolusie uit een senter gedomineer wou nie werk nie. Ons weet dat Tito se Roemenië onafhanklik van Moskou staan, en ons weet van die ontwikkelings in Tsjeggo-Slowakye wat om groter onafhanklikheid gestrewe het maar oorrompel is om strategiese redes. Ook die Suid-Italiaanse party eis sy eie identiteit. Geskiedenis en tradisie is vir Moskou te sterk. Sowel Marx as Lenin en Stalin het veel aandag aan die Nasionaliteitskwessie gewy, sonder oplossing.

Hoofsaaklik in die verswakking van Marxisme in ou-Europa, is die faktore wat die kapitalistiese ekonomie beïnvloed het en gereformeer het. Die akkumulasie en konsentrasie van kapitaal is onder beheer gebring, sodat redelike lewenstoestande vir die werkersklasse geskep is deur middel van vakunie-agitasie, wetgewing en die toenemende welvaart van die bevolking, waardeur 'n gesonde verspreiding van goedere bewerkstellig is. Trouens, vandag word dit gesê,

en met 'n element van waarheid, dat daar in Wes-Europa nie meer armoede is nie. Daarmee het die klassestryd, wat wel terdeë in die middel van die vorige eeu bestaan het verdwyn. In die verloop van sy ekonomiese beleid van die laaste honderd en twintig jaar het die Weste sy antwoord gegee aan die rewolusionêre en anti-christelike aantygings van die Marxisme.

Ons word weer getref deur die parallel van die Christelike leer as wêreldleer met die Marxisme, want die Christen kry besondere opdrag om die armes te versorg. Maar dit is nou vir ons duidelik dat die Marxiste in hierdie honderd-en-twintig jaar losgeraak het van sy grondslae en ontwikkel het tot 'n gewelddadigheids-imperialisme of 'n mags-imperialisme. Dit is ook duidelik dat die kommunistiese imperialisme, op die grondslag waarop hy staan, hom tans veral rig op agterlike bevolkings en agterlike wêrelddele. Hy rig hom tot die sogenaamde Derde Wêreld en wil daar sy oorheersing skep. Die Derde Wêreld is agterlik, arm en honger en lê braak voor die kommunistiese agitator, wat dit dan ook sistematies voorberei vir rewolusie met die nuutste moderne metodes van totale oorlogvoer, 'n oorlog wat gerig is nie alleen om ekonomiese en politieke dominasie nie maar eweveel om die vernietiging van die Christendom.

## III.

Laat ons nader tuiskom. Laat ons die vyand en die aard van die stryd wat ons voer van naby beskou, soos 'n goeie generaal doen, om ons eie strategie en taktiek op te stel.

Dit is duidelik dat ons hier met 'n krag te doen het wat onbekend is in ons geskiedenis, en wat ongeëwenaard is in wêreldgeskiedenis buite vir die wêreldverowerende opkoms van die Christendom. Maar hierdie verowering gaan nie in die eerste plek om die gees van die mens nie, maar om die vernietiging van die maatskaplike orde; en die uitgangspunt is materialisties. Die stryd gaan om eiendoms- en besitsvorm; vanuit die produksie-hervorming sou dan die nuwe gees in die mens kom. Die vyand se standpunt is helder geformuleer en deeglik gefundeer op empiries-filosofiese grondslag. Vanweë sy materialistiese uitgangspunt glo hy nie in beginsels van reg en verkeerd nie maar gebruik hy die metode van alle metodes, en is sy metode die van die gewelddadigheid.

Die punt is belangrik. Omdat die vyand op maatskaplike omwenteling mik, is dit geen oorlog van staatsleer teen staatsleer nie, soos tot nog toe in die geskiedenis gebeur het nie, maar dit is 'n stryd binne die bevolking; die uitgesproke doelwit van die vyand is burgeroorlog. Vir Suid-Afrika is hierdie kenmerk van die nuwe oorlogsleer van kardinale belang vanweë sy bevolkingsmeervoudigheid. Die Marxisme het dit nog altyd moeilik gevind om die homogene bevolkings van die nasionale state van Europa en elders tot binnelandse stryd op te wek. In Sentraal-Europa, egter, bestaan die bevolking van die verskillende state, wat as buffers dien tussen die Sowjet-Unie en Wes-Europa, in elke geval uit 'n rassemeervoudigheid en in die oorrompeling van hierdie state deur Rusland — soos

trouens deur die hele geskiedenis — is ten volle gebruik gemaak van hierdie feit van rasse-meervoudigheid, en is die een rassegroep teen die ander van buite aangehits. Dit is veral die probleem vir Rhodesië. Mnr. Smith kan nie sy bevolking te veel desentraliseer nie, want hy moet ten alle koste die eenheid van sy *bevolking* behou teen die gevaar op die Zambesi.

Die onmiddellike vyande waarmee ons te doen het, is SWAPO, Zanu en die ANC, met die Frelimo-beweging in Mozambiek, en ander groepe wat in Angola optree. Swapo is deur 'n bekende kommunis opgerig, en al drie die bewegings staan onder kommunistiese leiding. In sy oorspronklike vorm het die ANC as protes tydens die 1913 Grondwetgewing ontstaan. Die groep het nou saamgewerk met die Kadali-beweging — die ICH — van die twintigerjare, maar dié bewegings is deur die pasgestigte kommunistiese party in Suid-Afrika ondermyn in die dertigerjare. Na die Tweede Wêreldoorlog en met die segregasie- en apartheidsbeleid van die parlement het die Kongres — omstreeks 1950 — weer sterk geword. Nou is, onder leiding van die Staliniet-groep in Kaapstad, die *Freedom Charter* opgestel. Die agitasie van die sestigerjare was onder kommunistiese leiding en die kommunistiese party en die ANC is onwettig verklaar. Die *Freedom Charter* waaroor ons later weer moet praat, is die gemeenskaplike grondslag van al die groepe wat van binne en buite, druk op die Suid-Afrikaanse orde uitoefen. In 1964 het die kommunistiese party openlik die beleid van gewelddadigheid aanvaar en die ANC het daarna met die beleid saamgegaan. Die agitasie gaan om die algehele rewolusionêre omskepping van die staatsvorm in Suidwes-Afrika, in Rhodesië en in die Republiek van Suid-Afrika. Rhodesië kry die benaming *Zambesia;* Suidwes-Afrika word genoem *Namib,* en na die Republiek word verwys as *Asanië.*

Die Freedom Charter waarom alles draai is 'n eg-Marxistiese dokument van die eerste rewolusie. Parallele Charters is in Frankryk uitgegee toe daar byna 'n kommunistiese coup-d-etat plaasgevind het in 1943 en ook in Thailand. Ek lees die *Aanhef:*

„We, the People of South Africa declare for all our country and the world to know: that S.A. belongs to all who live in it, black and white, and that no government can claim authority unless it is based on the will of the people: that our people have been robbed of their birthright to land, liberty and peace by a form of government founded on injustice and inequality; that our country will never be prosperous or free until all our people live in brotherhood, enjoying equal rights and opportunities; that only a democratic state based on the will of the people, can ensure to all their birthright, without distinction of colour, race, sex or belief.

Dan gaan die stuk oor na die volgende hoofde: „The people shall govern; All National Groups shall have equal rights; The People shall share in the Country's wealth; the land shall be shared among those who work it; All shall be equal before the law; All shall enjoy human rights; there shall be security and work; the doors

of learning and culture shall be open; there shall be houses, security and comfort; there shall be peace and friendship".

Soos ons gesê het, hierdie beleid is alreeds in die Komintern Program van 1928 vasgelê. Die erkende kommunis Moses Khotane, het in die verbode blad van die ANC, *Sechaba*, van Januarie 1969, openlik gesê: „The political aims and demands of the ANC and the short term or immediate aims of the CPSA are similar".

Ons staan hier voor 'n lastige probleem in die praktyk. In Wes-Europa en by die publiek van die derde wêreld staan die terroriste en guerillavegters wat op ons noordgrense optree — die Rivuma, die Sambesie en die Caprivi — bekend as Freedom Fighters, en hulle word as helde beskou. Dit word voorgegee dat hulle aan die Liberation-Movements wat in elke Afrikastaat bestaan behoort en veg teen plaaslike verdrukking en uitbuiting. Tot so 'n mate is dit die geval dat 'n industriële firma soos Cadbury — volgens wat my meegedeel is — onderneem het om die regskoste van hierdie mense wat voor die hof gedaag word te betaal. Nou is die probleem om te bewys dat die sogenaamde Liberation-dokumente Marxisties is, en daarvoor is kennis en ervaring nodig.

Dit dan is die vyand waarmee ons te doen het en sy geestesgesteldheid, in kort gestel.

Die aard van die stryd wat gevoer word het ook sy heel besondere, heel moderne kenmerke. En die mees belangrike kenmerk van die anti-kommunistiese stryd is dat hy op drie terreine beweeg, buitelands, binnelands, en op ideologiese terrein.

Op die grense het ons te doen met die sogenaamde liberasie — of Liberation groepe. Maar die organisatoriese agtergrond is altyd Peking of Moskou. Dit geld vir die Rivuma-front, die Zambesie-front en die Caprivi, hoewel Amerikaanse geld ook die Frelimo-bewegings gehelp het.

Daaruit volg dan die nuwe militêre leer van die guerillas, wat ons hierbo kortliks beskrywe het. Die bendes wat die suidelike state van Afrika wil binnedring is geen terroriste nie. Die terroris werk geïsoleerd, en gooi hier 'n bom, stig daar brand, en moor so 'n bietjie. Die guerillabende werk sistematies, onder 'n meer of min gesentraliseerde beheer, as deel van 'n groter geheel, met 'n vaste beleid. Op hierdie stadium is hulle doel eerstens om ammunisie binne die grense te verberg en om kontak met groepe binne ons grense te maak, as grondslag vir verdere aksie. Dit is belangrik om te weet dat ons hier te doen het nie met terroriste nie maar met guerillabendes, wat die voorposte is van 'n beweging wat bekend staan as die Derde Wêreld en wat 'n beweging is wat veel verder gaan en veel dieper wortels het as die OAU — die Organisasie vir Eenheid in Afrika. Die guerilla het ook sy groot held, „Che" Guevara van Kuba. Guevara se portret hang in huise en kantore oor die hele derde wêreld en ek weet persoonlik van ten minste twaalf ernstige en deeglike boeke wat oor hom geskrywe is. Die nuutste is die werk van Hensman: *From Ghandi to Guevara.* Guevara word beskou as dié groot held van die Derde Wêreld. Daarom het ons kort gelede na

die aksie op ons noordgrense verwys as „Ons Tagtigjarige Oorlog".

Met die guerillametodes kry ons dan met 'n heel nuwe toestand van sake te doen in wêreldgeskiedenis. Vandag is oorlog nie 'n loopgraafoorlog nie, of 'n oorlog tussen die leërs van die staat nie. Oorlog is 'n binnelandse saak. Die militêre bedoeling is nie onmiddellike magsoorrompeling vir die beheer van die staatsadministrasie nie. Inteendeel, oorlog vir die Derde Wêreld is burgeroorlog, die stryd van die armes teen die rykes, die stryd van een deel van die bevolking teen die ander. Dit is 'n totale stryd van die bevolking teen homself.

Daarmee kom nuwe militêre strategie en taktiek. Omdat Frankryk en die V.S.A. nie hierdie punt begryp nie en hulle stryd in Suidoos-Asië nog steeds op die grondslag van die ou militêre leer van St. Cyr en West Point gevoer het, is hulle telkens verslaan deur minder gewapende guerillamagte. Ook in die Republiek word ons soldate vandag in guerillametodes opgelei. Nou is dit vanselfsprekend — soos Lenin, Mao, Che en De Brey herhaaldelik aangedui het — dat binnelandse propaganda die eerste en belangrike front is in die guerillastryd en die basis vorm vir die infiltrasie.

Ons het gesê die nuwe oorlog is 'n totale oorlog, en hy beweeg dus veral op die vlak van die gees en die denkwyse van die bevolking. Ons het die plaaslike kommunistiese propaganda soos dit in sake in ons howe voorgekom het, onder enkele hoofde geklassifiseer, met die doel om 'n helder insig in die aard van die propaganda te kry. Propaganda word gemaak o.a. deur talryke plaaslike stukkies wat gewoonlik in roneovorm versprei word. Dan word in Londen 'n kwartaallikse blaadjie uitgegee namens die SAKP „The South African Communist". Dan moet ons noem twee blaaie: *Sechaba* en *Mayibuyi* wat as ANC-blaaie deurgaan en hier inkom. Sechaba word in Oos-Duitsland opgestel en Mayibuyi in Dar es Salaam. Ook Marxistiese tekste en uittreksels uit tekste word gevind. Byvoorbeeld, Lenin se *Partisan War* wat in China in Engels gedruk is, is hier gevind.

*Eerstens*, die Freedom Charter word altyd en orals as die grondslag en mikpunt van optrede genoem.

*Tweedens*, dit is opmerklik dat in al die stukke oor *wêreldsake* en *wêreldrewolusie* gepraat word. Die interpretasie van die internasionale situasie is altyd suiwer Marxisties: d.w.s. anti-imperialisties en anti-kolonialisme, d.w.s.: anti-kapitalisties.

*Derdens*, bykans alle dokumente lê die hoofklem op gewaande armoede en uitbuiting; hierdie tema vorm die grondslag van alle oproepe en agitasie.

*Vierdens*, bykans alle dokumente verwys na griewe en vermeende griewe van die „verdruktes".

*Vyfdens*, hieraan verbonde is dan 'n relaas van Marx se kritiek op kapitalisme — sommige dokumente bevat formele lesings oor Marxisme.

*Sesdens*, sommige dokumente bevat 'n lys van wat genoem word „verdrukkende wetgewing" in Suid-Afrika.

*Sewendens*, sedert 1964 omstreeks aanvaar alle dokumente gewelddadige optrede, van die ANC sowel as van die KP.

*Agtstens,* alle dokumente sluit aan by liberasie-bewegings, binne Marxistiese raamwerk.

*Negendens,* sommige dokumente pleit vir die stigting van 'n „People's Democracy", soos in die Russiese satellietstate.

Om tot die heeltemal huidige te kom verwys ons na *Sechaba.* Hierdie blad het o.a. portrette van mnr. Bram Fisher en ander leidende kommuniste gepubliseer. Hy bevat deurgaans 'n oproep tot gewelddadige optrede en bepleit gedurig ondersteuning vir *Umkonto we siswe.* Na die Republiek word verwys as „A Bastion of White Supremacy" en plek-plek hits hy nie-blankes aan teen blankes. Alles wat hy bevat is altyd in lyn met kommunistiese beleid, al is hy 'n ANC-dokument.

Die lyn wat *Mayibuyi* volg loop in dieselfde rigting. In resente uitgawes bevat hy aanhalings uit Che Guevara. Hy bepleit die eenheid van alle liberasiebewegings en hy hamer op vele, vele griewe van die nie-blanke bevolking, en herhaaldelik op sy armoede. Hy ondersteun Noord-Vietnam, is anti-V.S.A., anti-Westers en anti-kolonialisme. Hy het kontak met die Duitse Demokratiese Republiek, en met Kuba, en kry boodskappe van ondersteuning van kommunistiese partye van orals oor die wêreld.

Dit dan is die konkrete en praktiese probleem waarvoor ons staan. Lenin het eenmaal 'n belangrike boek geskrywe oor rewolusionêre strategie en taktiek met die titel *Was Tun?* Voor ons, wat glo in 'n ordelike Christelike maatskappy, lê nou die taak „Wat moet ons doen?"

Die doel en mikpunt van die vyandelike strategie en taktiek is duidelik. Hy wil binnelandse rewolusie skep op gewelddadige wyse in die vorm van burgeroorlog tussen blank en nie-blank. Om die doel te bereik skep hy griewe en maak hy allerlei beloftes. Wat kan ons nou daarteen aanbied?

Ons weet dat die geskiedenis vir die laaste anderhalf eeu hoofsaaklik met eiendomsverhoudings te doen gehad het. Die metode van produksie deur die masjien, daarmee die ontstaan van grootgeld of kapitaal as 'n maatskaplike verskynsel, daarmee wêreldhandel en die ontstaan van die Empire of Wêreldryk het 'n algehele nuwe situasie in westerse leefwyse veroorsaak, waarin politiek te doen kry nie met historiese status of klasse nie, maar wel met probleme van die verdeling van die totale nasionale inkomste onder die bevolking. Politiek vandag het te doen met die administrasie van eiendom. Ons het gesien dat na die nuwe leer oorlog nie langer 'n saak van staatsleer teen staatsleer is nie, maar dwing om burgeroorlog te word. Teen die middel van die neëntiende eeu was die klassestryd in Europa wel terdeë 'n stryd van klasse waardeur die nasionale eenheid van die volk bedreig is. Vir die klassestryd het die Marxisme een oplossing gebied: d.w.s. rewolusie en met die sentraal-beplande staat met verlies van persoonsvryheid. Die vryhandel of liberale kapitalisme het egter sy eie oplossing gevind. Hy het die vryheid van persone en groepe behou, en groepe en persone kon hulle belange organiseer en behartig, altyd onder geregtelike toesig van die staat. Soos dit uitgedruk is: „In the free state the state does not administer

the affairs of men; the state administers justice among men who administer their own affairs". Daarmee is arbeiders en werkgewersbelange beskerm en behartig en is die hele volk versorg deur onderwys, gesondheidsgriewe, paaie, en so meer. Daarmee is Kommunisme as politieke mag in Wes-Europa die kop ingeslaan. Vandag laat hy hom slegs in suid-Italië voel, waar hy ook aan die afneem is namate Italië in industrialisasie toeneem.

Die Republiek van Suid-Afrika volg dieselfde weg, met 'n hoë mate van welslae, al is sy arbeidsituasie baie moeiliker vanweë die feit dat sy arbeidsprobleem en sy kleurprobleem in baie noue verband staan. Namate sy beleid meebring dat die arbeider voel dat sy staatsverband hom 'n mate van veiligheid en deelname in ontwikkeling bied word hy, soos hier te lande gesien is, minder vatbaar vir die historiese opwinding van kommunistiese propaganda. Reeds in die sestigerjare het die KPSA gekla dat hy nie die nie-blanke kan wen nie omdat dié te goed lewe. In die tien jaar na 1957 het die naturellearbeider se lone in industrie met 70% opgegaan, wat, persentasiewyse gesien effens meer is as die blanke arbeider in industrie, in dieselfde periode. Die naturellearbeider verdien hier meer as die industriële arbeider in Joegoslawië of Griekeland. Indiane se gemiddelde inkomste is R1,050 per jaar, dus 75% laer as die gemiddelde nasionale inkomste.

Daar is ook tekens van die ontstaan by die Indiër sowel as die Bantoegemeenskappe van wat genoem kan word 'n respektabele middelklas — wat die beste bolwerk teen Kommunisme is. Daarteen egter, geld dat dit bereken word dat 68% van die families van Soweto onder die broodlyn lewe.

Dit is natuurlik nie al nie, soos ons gesien het uit ons samevatting van Marxistiese propaganda. Die Marxis gaan veel verder in sy propaganda, met beloftes van wat sy rewolusie sal wees. Die enkeling moet voel dat hy 'n mate van seggenskap het in sy lewenspatroon. Hy moet kan deelneem in sy administrasie, plaaslik en vir die hele groep, en in die onderwys van sy kinders. Die dinge volg wanneer 'n redelike minimum lewensbasis bereik is. Dan kan die Kommunisme nie veel vashouplek kry nie. En daarmee word ook bereik die rustige bevolking wat hom teen agitasie van binne en infiltrasie van buite sal verset.

In die Republiek van Suid-Afrika het hierdie probleem nog 'n aspek. Die werkgewende klas is om historiese oorsake in 'n gevorderde stadium van ontwikkeling en aldus vanselfsprekend in 'n relatief bevoorregte posisie. Hy is ook van die werknemer geskei deur wesenlike rasseverskille. Die masjinerie wat in Europa met sukses gebruik is om 'n ewewig tussen die klasse te skep kan hier nie werk nie, want die een klas weet nie wat die ander doen nie. In Suid-Afrika kan die Bantoearbeider nie vakbonde stig nie. Egter onder die Loonraad bestaan daar 'n groot en ingewikkelde masjinerie waardeur Bantoeloonkondisies beskerm word en hierdie masjinerie het al veel gedoen om 'n gesonde loonposisie te skep.

Die probleem is egter dat vele Bantoe in privaatdiens staan en dat die blanke werkgewers min of niks weet van heersende Ban-

toe-toestande en lewenspeil nie. Uit die aard van die situasie is daar nie openbare bespreking oor die sake nie en ons koerante bewaar 'n doodse swye oor hierdie allerbelangrikste punt van naturellelone en lewenespeil. Hier is 'n swak punt in ons wapenrusting teen die kommunisme. Dit is van primêre belang dat daar sê tweemaal per jaar in die koerante die staat van naturellelone gepubliseer word sodat die publiek hom kan aanpas by die vereistes van die tyd. Anders gebeur wat in Durban met die hyserwerkers gebeur het, waar lone vir sowat 15 jaar staties was, d.w.s. met 'n groot persentasie afgeneem het weens stygende lewenskoste. Want dit is slegs wanneer die hele bevolking bo 'n minimum broodlynskaal lewe dat verwag kan word *dat die bevolking gesamentlik sal optree teen 'n gesamentlike vyand, die Kommunisme, waar dit infiltreer en soek om onrus te skep.* Dit is die kern van die saak. Ek glo dat mnr. Ian Smith van Rhodesië graag sy bevolking nog meer sou wil desentraliseer. Maar dan loop hy gevaar van verbrokkeling teen die vyand. Die feit is dat hy vandag die ondersteuning van die Rhodesiese Bantoe geniet in sy stryd op die noordgrens van sy land.

En nou: die kerk en sy plek in die stryd. Ons het gesien die stryd is 'n totale stryd, sodat die kerke noodwendig daardeur geraak word. Die kerk het hier nie alleen sy reg tot optrede nie, maar ook sy plig, want die Marxisme is anti-christelik in leerstelling sowel as in optrede. Ons bespreek nie hier die rol wat direkte prediking en die veelvuldige kerklike verenigings kan speel om 'n gesonde geïnformeerde houding teenoor die Kommunisme aan te kweek nie. Ons gaan ook nie in op die rol van sendingblaaie nie wat terdeeglik konkrete informasie moet versprei oor toestande in Rusland en China. Die probleem is hier weer die saak van konkrete informasie insake lewenstoestande, veral by die nie-blanke en die wyse van praktiese optrede wat die kerk moet gebruik. Eerstens sou ons aan die hand gee dat die kerk van sy sendelinge gebruik maak om informasie te kry oor die konkrete problele waarmee die naturelle familie, en veral die naturelle vader en moeder in die stad mee te kampe het in hulle omgewing en daelikse lewe. Uit dergelike geïnformeerde bespreking van onderwysprobleme, gesondheidsprobleme, voedselprobleme, en so meer sal die kerk veel doen om ingang by die naturellegemeenskap te kry. Daarmee sal hy ook 'n gesonde blanke openbare mening skep oor 'n saak van lewensbelang in die stryd met Kommunisme waaroor daar vandag nog algehele onkunde heers.

*Tweedens* sou ons verder gaan. Die kerk staan in die lewe en moet daarin staan. Calvyn het nie gehuiwer om van sy kansel teen die woekerwins en ander sosiale euwels van sy tyd en in sy gemeenskap te velde te trek nie. Die man wat vandag in hierdie land sy arbeider en huurling 'n loon onder die broodlyn betaal doen 'n euweldaad. Ons het vantevore gesê, en ek dink ons kan dit hier herhaal, dat onder vandag se omstandighede die sonde van 'n te lae loon 'n groter sonde is as dié van hoerery. Die loonsonde is kwader as die geslagsonde want, eerstens, die loonsonde tref nie slegs die persoon nie, maar 'n hele familie en 'n hele volk; en

tweedens, die loonsonde stel die weg oop vir die koms van die anti-christelike Kommunisme. Die kerk moet preek oor die loonsonde.

*In die derde plek* kan ons in hierdie verband 'n les uit die geskiedenis van die Marxisme leer. In die vorige eeu in Europa, toe die Marxisme ontstaan het, was die kerk of 'n staatskerk of nou verbonde aan die regerende groepe. D.w.s. die kerk is bestuur deur die besittende of kapitalistiese klasse, aldus het Karl Marx die kerk as deel van die konstellasie van eksploitasie gesien, en die feit is ook dat die kerk sy noue verband met die arbeidende klasse in die tweede helfte van die 19e eeu verloor het. Daarom word sekere vleuels van die Christelike kerk in Europa en elders vandag byna kommunisties in hulle pogings om die arbeider terug te wen. Toe Karl Marx die verpsigologisering deur Feuerbach en Engels van die religie aanvaar het, het hy dit gedoen nie alleen as kind van sy tyd nie maar ook vanweë die verband van die kerk met ekonomiese belange. Marx het nog 'n rede gehad vir sy anti-kerklike leer. Hy wou gewelddadige rewolusie hê as gevolg van sy siening van die historiese situasie waarteen die kerk, hoe arbeidsgesind hy ook al mag wees, hom terdeë sou verset. Die les wat uit hierdie geskiedenis geleer moet word is dit: dat die kerk hom nie met die een of ander *belangegroep* mag vereenselwig nie, maar dat hy altyd as geestelike instelling moet optree. Soos ons hierbo gesê het: vandag is in die parlementêre stelsel elke party 'n ekonomiese belangeparty. Wanneer die kerk as kerk optree sal hy perspektief behou. Daarvoor is nodig wat ons hierbo bepleit het: intieme samesprekings met die kerk se sending-susterkerke oor bestaande probleme. In Suid-Afrika word kommunistiese agitasie min teen die kerk verrig of teen die Christelike religie: daarvoor is die Bantoe nog te konserwatief. Maar daar is tekens dat dit kom.

In die verband wil ons pleit vir 'n groter mate van funksionele opleiding by ons predikante en kerkwerkers. Die inhoud en vorm van maatskaplike probleme verander van eeu tot eeu en daarmee die geesteshouding van die mens. In die 19e eeu het die nuwe natuurwetenskaplikheid dikwels met die kerk gebots en teoloë het die probleme bestudeer. In die twintigste eeu is die hoofprobleem ekonomies en sosiaal van aard: dit gaan om die probleem van die redelike gelykmatige verspreiding van die totale nasionale inkomste waarby almal meewerk deur alle bevolkingsdele binne die staatsgrense. Die kerk sal in sy besprekings leraars wat ekonomies, histories-ekonomies, regtelik en in dergelike rigting deeglik opgelei is van groot nut vind — hierdie studies eis vandag meer aandag as byvoorbeeld taalstudie van die Hollandse taal, sielkunde en oorgedetailleerde teologie.

Aan die begin was dit my plan om vanoggend in hierdie predikantevergadering te bespreek die ontstaan van Marxistiese antiteologie in Feuerbach, waaruit Engels se sosiale teorie van die godsbegrip afgelei is, waarop weer Karl Marx se historiese materialisme gebou is. Maar die kommunistiese stryd teen die kerk beweeg vandag by ons nie op teologiese vlak nie. Die vyande van die Christendom het telkens van gedaante verander. Eens op 'n tyd was dit die gevaar

van oorheersing deur die soewerein. In die vorige eeu was dit die gevaar van oordrewe natuurwetenskaplikheid. Vandag beweeg die stryd op konkrete ekonomiese en militêre vlak. Vandag is dit 'n uiterste konfrontasie van die Christendom met magte uit die duisternis, want die stryd is nie alleen geografies globaal nie maar is ook prinsipieel en uit die dieptes. Dit gaan oor die Christelike leer van *agapein*, wat ook 'n ekonomiese beroep is. Met die hele bevolking moet die kerk die stryd op hierdie vlak stry; daarom het ons toe ons bespreking langs hierdie weg aangevoer.

Prof. A. H. Murray.

*(Gelewer voor G.T.V., Johannesburg 1970).*